SAKE 24 (Beeld)
Friday, 22 August 2008, p. 3

Hotelsektor help Hospitality blom

Elma Kloppers, Johannesburg

Danksy gunstige toerisme-toestande in die land het die Hospitality Property Fund se resultate vir die jaar tot einde Junie die verwagting oortref.

Dié fonds wat eksklusief belê is in hotels en oorde, se B-eenhede het robuuste groei van 18,3% gelewer, wat op 166,16c per koppeleenheid te staan kom. Die uitkering per A-eenheid beloop 105,49c per koppeleenheid, wat in ooreenstemming is met die maatskappy se uitkeringstruktuur.

Mnr. Evan Jankelowitz, medehoof van Stanlib se eiendomsfondse, sê die syfers weerspieël dat die hotelsektor besig is om hoog te vlieg. Hy sê ook dat dié sektor beduidend ondervoorsien was die afgelope paar jaar.

Mnr. Gerald Nelson, uitvoerende hoof van Hospitality, sê die buitelandsetoerisme-klimaat bly positief en al Hospitality se eiendomme was vol verhuur gedurende die jaar, met 'n gemiddelde verhuringstydperk van 8.4 jaar.

Hy sê Hospitality is besig met die opgradering en herontwikkeling van verskeie eiendomme teen 'n gekombineerde kapitaalwaarde van sowat R500 miljoen om langtermyngroei te maksimaliseer.

Die meerderheid van die projekte sal in die komende boekjaar afgehandel word. Onder die eiendomme wat opgekikker word, is die Rosebankhotel, met 'n herontwikkeling van R295 miljoen en die Mount Grace Country House & Spa teen R130 miljoen.

Hospitality se belange in 22 hotel- en oordontwikkelings in Suid-Afrika is einde Junie onafhanklik gewaardeer teen R2,3 miljard.

Nelson sê hoewel die komende boekjaar waarskynlik met uitdagings sal kom, is die maatskappy goed geplaas om voordeel te trek uit die gunstige klimaat in die hotelbedryf, asook uit die nuut-opgegradeerde hotels binne die portefeulje.